NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

16 Oktober 2020: Nr 32/2020

Warm nuus

Besoek die **sinode se facebookblad** [https://www.facebook.com/noordsin/] asook die **webwerf** [http://www.noordsin.co.za] vir deurlopende plasings van gemeente-aktiwiteite en ander belangrike nuus.

Plaasmoorde

In die lig van die afgelope tyd se gebeure, het die moderatuur eerskomende Woensdag (21 Oktober) 'n Zoom-gesprek met al die ringsvoorsitters.

Uit die kantoor van die Algemene Sekretaris van die NG Kerk

Verklaring deur die NG Kerk - A call for ecumenical action against rural violence

The Dutch Reformed Church is aware of the vulnerability of rural communities who often do not enjoy the normal protection of urban and suburban protection services.
Rural farmers, farm workers and farming communities are especially vulnerable as they are isolated and far from essential services such as emergency medical care, fire and police services. Farmers and their workers are easy targets. Crime statistics do not reflect the sense of insecurity experienced by the farming community. Farm attacks and murders, as well as the high levels of stock theft and property-related crime, have brought the mood in many places to a breaking point. The events which played itself out on the 4th of October in Senekal in the Free State are a stark reminder of this fact.
The Dutch Reformed Church took notice of these events and realised with great concern that these protests have the potential to spiral irretrievably out of control.
The Dutch Reformed Church therefore calls on its members to deal with protests within the laws of our country. The damage inflicted to state property and efforts of unlawful entry into the Senekal court building are totally unacceptable and irresponsible…[**Kliek hier** om die *volledige verklaring* te lees soos dit in die Kerkbode van *13 Oktober* verskyn het.]

Sinodenuus

Biddag vir gesondheidsdienste: *18 Oktober*

Eerskomende Sondag is Biddag vir Gesondheidsdienste. Ons dink spesiaal aan mediese personeel, gesondheidsorgwerkers en alle personeel wat in klinieke, hospitale en labaratoriums werk. Ons is deeglik bewus van die uit-dagings wat COVID-19 aan hulle gestel het en die talle opofferings wat hulle maak.

Brugbediening

Christoph Müller, leier van die *Taakspan Brugbediening* skryf die volgende: Brugbediening het ontwikkel uit die behoeftes wat daar by gemeentes onstaan het om in tye van transformasie 'n duidelike begrip te hê rakende hul roeping en die uitleef daarvan in 'n vinnig veranderende leefwêreld.

Die Covid-19 situasie het alles onder die vergrootglas kom plaas. Heelwat gemeentes staan tans voor die uitdaging om juis dit wat genoem is aan te spreek. Om in ons sinode hierdie behoefte effektief aan te spreek, moet ons:

1. Leraars uitnooi om as opgeleide brugleraars beskikbaar te raak om ons gemeentes behulpsaam te wees. Inligting rakende die kursus is beskikbaar by die Sentrum vir Kontekstuele bediening by UP.

2. Opgeleide brugleraars in elke ring beskikbaar hê.

* Ons wil leraars daarom versoek om dit ernstig te oorweeg om hierdie gereedskap ook deel te maak van julle vaardighede.
* Ons wil ringskommissies versoek om te bevestig watter leraars in julle ring die opleiding suksesvol deurloop het.

Sodanige persone moet asseblief hulle name aan die *Taakspan Brugbediening* deurgee.
Navrae: Christoph Müller / cm1882@gmail.com

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: Dinsdag ***20 Oktober*** om 11:00
Skriflesing: ***Psalm 90***
Zoom uitnodiging:
Join Zoom Meeting: https://zoom.us/j/92197671478?pwd=Sk0wc2ZyOHhxTVFmYkFWZmQ0R1A2UT09
Meeting ID: 921 9767 1478
Password: 453371

Slyp jou beitels

❖ Excelsus

Navrae: Rika van Rensburg [excelsus@up.ac.za; 012-420 6738]

***Hospivision: Online training - To believe in sunshine: Short course in journeying with depression during the time of Covid-19 [Vir volledige inligting besoek: http://bit.ly/believe-in-sunshine]**
Date: ***19 to 21 October 2020*** (Monday, Tuesday and Wednesday).
Registration/enquiries: Please contact **June Kriel** on 084 405 0447/friend@hospivision.org.za or register on the website at http://bit.ly/believe-in-sunshine

***Werkswinkel: Gemeentediagnose - Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes**
Die werkswinkel berus op die werkboek "***Bediening in en van Missionale Gemeentes***" wat in 2016 deur Malan Nel en Kennon L Callahan gepubliseer is.
Datum: Donderdag ***12 November 2020*** (14:00 – 17:00) & Vrydag **13 November 2020** (08:30 – 15:00)
Plek: NG Kerk Suidoos-Pretoria, (Stellastraat)
Koste: R 390-00 wat die volgende insluit: *****Werkboek: *Bediening in en van Missionale Gemeentes*. *Gemeente-diagnose* (word by die werkswinkel beskikbaar gestel). *****Verversings en middagete.
Aanbieder: Malan Nel
Inskrywing geskied deur middel van Google Forms: https://forms.gle/64KsSHwgZhqwgU4NA
VBO-punte: 10

***Brugbediening**
Datums: Week 1 – ***09-12 November 2020***; Week 2 – ***22-25 Februarie 2021***
Doel – Verandering van predikant in gemeente laat so 'n gemeente in 'n tyd van onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om brugpredikante op te lei vir die fasilitering tydens hierdie oorgang periode, en tot voordeel van die gemeente.
Kursusleier: Prof Malan Nel
Kursuskoste: R2500
Plek: Universiteit van Pretoria
Kursus punte: 70
Kontak: Hesmarie Bosman, 012-420 4952 of epos: Hesmarie.Bosman@up.ac.za

***Practices of faith in times of national and global crises [Kliek hier** vir die volledige uitnodiging**]**
The world is in the wake of a global health crisis at the time that we prepare this conference call. This crisis came whilst there were already many other global and national crises facing us, including poverty, inequality and corruption, immigration and xenophobia, gender-based violence, homophobia and more.
In the light hereof, the ***Gender Unit of the Beyers Naudé Centre and Department of Practical Theology and Missiology of the Faculty of Theology, Stellenbosch University*****,** is hosting a conference on ***15-17 March, 2021*** at the Faculty of Theology, Stellenbosch University.
For further inquiries and abstract submissions, please email *Prof Cas Wepener* [cwepener@sun.ac.za] or *Rev Marileen Steyn* [marileen.steyn@gmail.com]. **For registration**, please email Mrs Marita Snyman [maritasnyman@sun.ac.za].

❖ VBO-Forum

[*Hierdie is 'n gesamentlike inisiatief van Excelsus, Communitas en al die sinodes*.] **Verskeie kursusse wat aanlyn aangebied is, is steeds toeganklik.**

Navrae: *Rika van Rensburg* by excelsus@up.ac.za of *Bridget Leibbrandt*, / bleibbrandt@sun.ac.za

* Indien jy op die Hugenote Kollege se platform *geregistreer* is, sou jy die kursusse **gratis** kon volg.
* Indien jy 'n *nuwe registrasie* is moet jy asseblief jou *naam en van, watter kursusse en epos-adres* aan hermien@noordsin.co.za deurstuur. Hierdie name sal 1x 'n week aan die Kollege gestuur word vir registrasie.

* Liturgie vir ongekarteerde tye – Cas Wepener
* Pastorale sleutels vir Covid-19 grendeltyd – Jan-Albert van den Berg
* Netwerke vir nou – Erwin Schwella
* Teologie in die tyd van Covid-19 – Heerden van Niekerk
* Nagedink oor God en lyding: Perspektiewe uit die OT – James Kirkpatrick
* Covid-19 en die Ekonomie – Piet Naudé
* Pandemies: 'n Historiese Perspektief – André Bartlett
* Kerk en Covid-19 – Frederick Marais
* Wanneer tuisbly nie veilig is nie (Gendergeweld) – André Bartlett
* Gendergeweld en Covid-19 – Verskeie sprekers
* In pas met die lewende God – Tom Smith e.a.
* Depressie by jongmense – Johan Laten
*Angry Much – James Kirkpatrick e.a.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Hospitaal

Attie Nel [Aktuarius & leraar van Waverley] was in die hospitaal.

❖ Verjaarsdagwense

21/10 Jan Barnard [Emeritus, jankarinbarnard@gmail.com, 082 335 1785]

_____

19/10 Anika la Grange [Koedoeskop, marcolagrange@icloud.com, 078 824 6966]
20/10 Patricia de Vos [Sesmylspruit, dan.devos1@gmail.com, 012-654 5627]
23/10 Pieter Schoeman [Monumentpark, lizl-louise@ngkmp.co.za, 083 283 8440]
24/10 Coleen Burger [Wonderboom-Suid, jab2rag@gmail.com, 073 182 2077]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: *Baie geluk!*

Vorentoe [**Gestig:** 19/10/1935]
Wonderboom [**Gestig**: 19/10/1959]
Roedtan [**Gestig:** 20/10/1950]
Dwaalboom [**Gestig**: 23/10/1948]
Wonderboom-Suid [**Gestig**: 23/10/1946]

❖ Mootvallei:

Familiemark
Datum: ***31 Oktober*** [08:30-13:30]
Waar: 804 Morganlaan Mayville, Pretoria
Toegang: Gratis
Kos en leefstyl items, handgemaakte goedere, juwele, geskenke, wit olifant tafels, ingelegde produkte, soetgebak, souse en nog meer.
Kinderpret – bring die hele gesin!
Navrae: Hannes Conradie (079 8833 809 / mootfamiliemark@gmail.com)

Muur van herinnering: h/v Louis Trichardt en Morgan strate, Mayville
Die Muur van Herinnering is gebou as 'n rusplek vir u geliefdes. Die kerkterrein is veilig met palisade-omheining, goeie beligting en streng toegangsbeheer.
Tans is voorsiening gemaak vir 160 nissies in die muur waarvan daar al heelwat verkoop is. Prys per dubbelnis is R3 500.00 (afbetaalbaar).
* Belangstellendes kan die kerkkantoor kontak by 0123350611 of kerkkantoor@ngmootvallei.co.za.

Covid-19

- **Dokumente** - Kliek hier vir vorige dokumente;
- **Stories van Hoop** - Kliek hier vir vorige stories;
- **Wenke** - Kliek hier vir vorige wenke.

Ander nuus

- **Vakatures**
  Kerkbode: Kliek hier vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

- **Emosionele Logika**
  Inleiding tot Emosionele Logika: **Zoom webinaar**
  Datum: ***31 Oktober*** (aanbieding en handleiding in Engels) van 8.30 tot 16.00.
  Koste: R950.
  VBO punte vir predikante: 6. **CPSC punte**: 4.
  Aanbieder: *Annette de la Porte*. Maatskaplike werker en Emosionele Logika afrigter.
  Keerdatum vir registrasie om handleiding te koerier: *23 Oktober* om 12 nm.
  Webwerf vir meer info en registrasievorm: www.growwithannette.co.za
  Navrae: annette@growwithannette.co.za / 083 794 3537

- **Beeld-Kinderfonds**
  Spinning marathon - Sat ***14 November*** @ Irene Village Mall
  Meer inligting: http://www.beeldkinderfonds.co.za/spinnathon-spinning-marathon/
  Kry inskrywingsvorms by: info@beeldkinderfonds.co.za or what's app to 061 479 4791

- **Bybel-Media**:
  Nuusbrief – [Kliek hier om die nuusbrief te lees]
  BM se jaarverslag belig 26 maniere waarop hulle werk 'n wesenlike impak op mense se lewe sal maak en daartoe sal bydra dat hulle Jesus in hulle alledaagse lewe raaksien en met passie volg.
  Hierdie week val die fokus op Webwerwe - Bybel-Media het drie meerdoelige digitale webwerwe (multisites) (bybelmedia.org.za, ngkerk.net en christians.co.za) wat dien as platforms vir sinodes, gemeentes, produkreekse en bedienings.
  Lees ook meer oor Bybel-Media se BybelBouBlok-projek. Besoek www.bybelmedia.co.za om jou BybelBouBlokke te skenk.

  Katalogus vir 2021

  BM skryf: Die katalogus vertel jou meer van ons geloofsvormende produkte wat jou lewe en die lewe van jou gemeente en geloofsgemeenskap kan verryk en verander. In vanjaar se katalogus sluit ons die volgende in:
  - *kategesereekse*
  - *kinder- en jeugprodukte*
  - *kerklike benodighede*
  - *doopprodukte.*

  Ons hoop die beskikbare produkte sal tot groot seën wees vir jou persoonlik en vir jou bediening. Kliek hier om katalogus af te laai. Kliek hier om die katalogus deur te blaai

- **Christelike Lektuurfonds**

  CLF skryf: Dit is met dankbaarheid en vreugde dat ons die publikasie van die langverwagte boek ***Destined to be change-agents – 'Ordinary' people serving significantly*** bekendmaak. Dit is werklik 'n buitengewone boek wat die verhale vertel van besonderse mense wat 'n groot verskil maak in diens van die koninkryk van God. Op 'n sensitiewe, lewendige en eerlike wyse stel die skrywers, *Fanie Richter* en *Laetitia Bull*, ons bekend aan die verskillende rolspelers en hul bydraes.
  Hulle gee ons egter ook 'n intieme blik op dit wat hierdie 'agente van verandering' motiveer om op so 'n offervaardige en betekenisvolle wyse te dien. Uiteindelik help die boek ons dus om te ontdek, in verwondering, dat dit die Gees van God is wat steeds vandag werksaam is, wat 'gewone' mense gebruik ...

  * **Aanlyn aankope** - https://clf.co.za/product/destined-to-be-change-agents/

❖ **Bybelgenootskap stel Bybels in Zoeloe bekend**

Die 2020 vertaling van die Bybel in Zoeloe word op ***18 Oktober*** in Ulundi bekendgestel. Koning Goodwill Zwelithini is die beskermheer van die bekendstelling en sal die gehoor by die geleentheid toespreek. Die bekendstelling sal terselfdertyd aanlyn by **www.biblesa.co.za** en op die BibleSA toepassing uitgesaai word.

Naskrif

❖ **'n Interessante stukkie geskiedenis**

Koos Nel [Haakdoorn] het die volgende uit Wikipedia vir ons gestuur:
In Pretoria bly Leipoldt aanvanklik by sy suster Issa en haar man, die Engelse predikant Robert Pattison. Hierdie reëling eindig in Oktober 1918, toe Leipoldt nie langer Issa se moeilike temperament en haar kinders se onbeheerste gedrag kan hanteer nie. Hy bly daarna vir 'n ruk in die Pretoria Club. Volgens oorlewering bly hy hierna 'n ruk saam met Eugène Marais, maar hierdie saamwonery, as dit plaasgevind het, het binne 'n kort rukkie in 'n botsing geëindig. Hierna is die verhouding tussen hierdie twee digters stram. In November 1919 betaal Leipoldt sy studieskuld aan dr. Bolus finaal af en koop vir hom 'n huis in Mearsstraat 125, Sunnyside, waar sy neef Ewald Esselen en sy gesin die huis met hom deel. Mearsstraat 125 is vandag die tuiste van die Noordelike Sinode.